

1 Oktober 2019

OMSENBRIEF 2/ 2019

AAN ALLE NHSV TAKKE

Liewe Dames

NHSV takke het saamgewerk om hierdie jaar ons nasionale tema ...**Ek wil hê dat julle HOOP vir die toekoms moet hê (Jer 29: 11b)** uit te leef en sodoende ook draers van hoop te wees. Daarom dat ons nou dankbaar kan terugkyk op soveel seën wat ons in 2019 en ook in die verlede ontvang het. Vir reeds 80 jaar was die NHSV 'n seën oral in gemeentes waar hulle werksaam was.

Die storie word vertel van 'n sekere dorpie wat deur 'n ernstige droogte geteister was. Na maande van swaarkry besluit die verskillende kerke in die dorpie om hande te vat en saam te bid vir reën. Die predikers vra toe dat mense simbole van geloof moet saambring na die erediens toe. Baie mense het die kruis en Bybels saamgebring. Na 'n uur van saambid, het dit wonderbaarlik begin reën. Een dogtertjie se simbool van hoop het bo almal anders s'n uitgestaan: Sy het 'n sambreel saamgebring!

Ons NHSV kan ook elke dag hoopvol vorentoe kyk... met 'n "sambreel van geloof" in die hand!

1. STREEKBYEENKOMSTE 2019

Amper al die streekbyeenkomste is afgehandel en die Hoofbestuur wil graag elke dame, elke tak en gemeente en elke streek bedank vir hul insette om hierdie jaar se streekbyeenkomste aan te bied. Dit was voorwaar 'n plesier (en 'n voorreg) om te beleef hoe ons dames steeds hoopvol vorentoe kyk en 'n positiewe verskil maak in die takke, gemeentes en gemeenskappe waar hulle betrokke is. Planne is gemaak om kostes laag te hou, moeite is gedoen om meer susters en takke wat voorheen nie betrokke kon wees nie daar te verwelkom, en ons harte is gevul met dankbaarheid teenoor elke NHSV tak wat deel hiervan was. Julle maak ons dankbaar en trots!

Name en kontakbesonderhede van die voorsitters vir die verskillende streke:

STREEK	VOORSITTER	KONTAKBESONDERHEDE	
		Tel	E-pos
Bloemfontein	Danie Smith	083 973 4717	brandhoek1945@gmail.com
Dorsland	Susan J van Rensburg	00-264064-202044	susan.morsjorsies@gmail.com
Hoëveld	Marna Wolmarans	082 880 9373	marna.wolmarans@sasol.com
Natal	Suzette Vuyk	073 362 9005	suzettevuyk55@gmail.com
Noordelike Pretoria	Alta de Kock	083 299 8238	pdekok@telkomsa.net
Noord-Kaap	Marietjie Schutte	082 737 6169	Marietjieschutte16@gmail.com
Noord-Transvaal	Trudie Joubert	082 710 1242	dshenk@mweb.co.za
Noordwes	Magda Kok	082 551 1846	nhkpotch1@lantic.net
Oos-Kaap	Elsie Slabbert	082 427 4892	slabbert.te@gmail.com
Oos-Rand	Elizabeth J v Rensburg	082 870 5868	jgjvr1@gmail.com
Oos-Transvaal	Nandie du Preez	071 355 4401	dupreeznandi@gmail.com



Pretoria	Vakant		
Rustenburg	Ina J van Vuren	084 602 7300	inavanvuren@gmail.com
Swellendam	Marina Nortje	084 402 1171	Marina.Nortje@4sure.co.za
Vaalrivier	Sonette Benson	082 420 8428	sbenson@vodamail.co.za
Wes-Kaap	Hannelie Botha	082 923 9439	diechristelikevrou@gmail.com
Wes-Rand	Louise Coetzee	076 474 2822	louise@insurex.co.za

2. 49^{ste} NASIONALE KONGRES 2020

Takke word daaraan herinner dat die 49^{ste} Nasionale Kongres in 2020 plaasvind. Tydens hierdie geleentheid sal die NHSV se 80^{ste} bestaansjaar ook gevier word. Beplanning hiervoor word reeds gedoen en takke word gevra om nou reeds te beplan en te begroot daarvoor, aangesien dit 'n hoogtepunt op ons 2020-kalender gaan wees. Verdere inligting sal vroeg in 2020 aan takke deurgegee word.

Datum: 14-16 Junie 2020

Openingsaand: Gemeente Wonderboom

Kongres: Batterboys, Pretoria

3. OTMT

Vind hierby aangeheg 'n skrywe van adv Jaco Bothma, bestuurder: Ons Tuis, rakende die funksionering van die Breëkomitees en Huisbesture van OTMT tydens die oorgangsperiode van die amalgamasie van Ons Tuis en Monumenttehuise van die NHSV.

4. FINANSIES

4.1 INTERNE OUDIT: NHSV TAKKE

NHSV takke se boeke word deur Interne Oudit hanteer en takke word aangemoedig om dit daar te laat doen, aangesien die NHSV en die Raad van Finansies 'n groot deel van die takke se ouditkoste borg, die ouditkoste relatief bekostigbaar is en daar beter kontrole is. Om steeds belastingvrystelling (Artikel 30 van die Inkomstebelastingwet) te kan geniet, word takke versoek om toe te sien dat hul boeke jaarliks geoudit word. Wanneer kwitansieboekies bestel word, word dit dan ook direk vanaf die boekwinkel by die Sinodale Dienssentrum bestel.

4.2 VERPLIGTE EN ANDER UITBETALINGS 2019

Ons opregte dank teenoor elke NHSV tak wat vir ons die verpligte (Mei) en vrywillige (Augustus) oorbetalings gedoen het. Gemeentes en takke beleef toenemend finansiële druk, en daarom word elke poging wat u ook ekstra aanwend om fondse in te samel vir hierdie oorbetalings vir barmhartigheid, opreg waardeer. Takke wat nog nie oorbetalings (Mei/Augustus) gedoen het nie, kan dit nou nog doen en dit sal met groot dankbaarheid aanvaar word. Gebruik Omsendbrief 1/2019 as riglyn hiervoor.

5. TAKJAARVERSLAG

Hierby aangeheg is die nuutste takjaarverslag vir die tydperk 1 Januarie 2019 – 31 Desember 2019. Ons wil vra dat u asseblief moeite sal doen met hierdie verslag en dit so gou moontlik sal terug besorg aan u streekvoorsitter (sien punt 1), wat dit op **30 November** moet ontvang om sodoende weer betyds verslag te kan lewer aan die Hoofbestuur. Selfs al het u gemeente nie 'n aktiewe tak nie, vra ons dat u die inligting so ver u kan sal invul, aangesien dit weer belangrik is by die opstel van die Hoofbestuursverslag.



6. UITREIKAKSIES NA ONDERWYSERS EN NOODDIENSTE

Die NHSV Hoofbestuur wil u graag daaraan herinner om in 2019 weer uit te reik na onderwysers en nooddienste (SAPD, paramedici, brandweer, ens) in u gemeenskappe. Hierdie persone in ons gemeenskappe werk in toenemend moeilike omstandighede en lewer noodsaaklike dienste. Kom ons betoon ook ons waardering en ondersteuning aan hulle.

7. NHSV BEURSE- EN LENINGS

Die sluitingsdatum vir NHSV Beurs- en Leningsaansoeke is 15 November 2019. Die aansoekvorms en besonderhede is reeds op die webwerf www.nhsv.org.za onder dokumentasie – pro forma-dokumente beskikbaar. Die NHSV sal dit waardeer indien u hierdie inligting ook in u gemeentes kan versprei.

Gedurende 2019 is R575 000 oorbetalings aan 66 Hervormde studente vir tersiêre studies in verskeie rigtings. Baie dankie aan gemeentes wat gedurende Februarie 2019 bydraes gelewer het met die jaarlikse deurkollekte ten bate van die NHSV se Beurs-en Leningsfonds, om hierdie fonds te kan versterk.

8. DIE CHRISTELIKE VROU

Die Christelike Vrou is vanaf April 2019 slegs elektronies beskikbaar by www.nhsv.org.za. Ons wil takke graag aanmoedig om hierdie publikasie, wat op ons webwerf verskyn, aan hul dames en gemeentes bekend te stel. Ons opregte dank ook aan ds Hannelie Botha, die redakteur, wat baie moeite doen om *Die Christelike Vrou* so 'n aktuele, kreatiewe en inspirerende publikasie te hou.

9. NHSV VROUEFLITSE

Die NHSV se tweede elektroniese tydskrif, *Vroueflitse*, verskyn kwartaalliks en voorsien artikels van toepassing op die wêreld van ons vroue in die Kerk onder redakteurskap van mev Mari-lizé Beukes. Dit is ook elektronies beskikbaar op ons webwerf by www.nhsv.org.za.

10. BYBELGENOOTSKAP

In 2020 vier die Bybelgenootskap van Suid-Afrika sy 200^{ste} bestaansjaar. As deel van hul verjaardagvierings vra hulle gemeentes om 2020 as 'n jaar van die Bybel te herdenk. Hul oogmerk is om twee miljoen Bybels te versprei onder mense in Suid-Afrika wat dit nie kan bekostig om hul eie Bybel te koop nie. Indien takke oorbetalings wil doen aan die Bybelgenootskap, kan dit direk in hul rekening inbetaal word (ABSA; rekeningnommer: 260 208 950; verwysingsnommer: 2020).

11. KERSGROETE

Ons bedank graag elke NHSV lid, elke tak en elke gemeente wat gedurende 2019 meegewerk het om in u gemeentes en gemeenskappe hoopvol te leef en 'n seën te wees.

GELOOF maak die onmoontlike moontlik.

HOOP laat alles uiteindelik ten goede uitwerk.

LIEFDE verander die alledaagse in iets mooi.

Mag u elkeen die vreugde van geloof, hoop en liefde hierdie Kerstyd ervaar.

NHSV groete

(get)

WILNA KOEKEMOER

SEKRETARIS: NHSV HOOFBESTUUR

